



GEREFORMEERDE SKOOL  
DIRK POSTMA

# INFO 9/2024

07 Junie 2024

## Van die skoolhoof

### Liewe GSDP-gemeenskap

Aan die einde van die kwartaal is dit goed om terug te kyk. Terugkyk is belangrik vir groei, om te ontwikkel en om te leer uit foute wat gemaak is. By GSDP moet ons ook terugkyk en allereers ons dank betuig aan ons Hemelse Vader wat ons deur hierdie kwartaal gedra het. Terugkyk vul ons harte met dankbaarheid vir kinders wat gesond is, kinders wat hard werk, wat hul heel beste op die sportveld gee en in die koor die Here met oorgawe loof. In ons terugkyk op hierdie kwartaal sien ons kinders wat pragtige toesprake maak, baie hard leer vir al die toetse en eksamens en groei en toeneem in kennis en wysheid. Ons sien ook in ons terugkyk hoe ouers altyd gewillig is om te help, die belange van die skool op die hart dra en in hul vrye tyd vir die kinders leer om netbal en hokkie te speel en die biblioteek mooi te orden.

Ons sien ook hoe onderwysers hard werk, voorbereiding doen, vraestelle opstel en merk, trane afdroog, luister en 'n pleister plak op nerfaknieë. Ons sien hoe terreindienspersoneel die tuine met liefde versorg, klasse skoonmaak en help met die veiligheid by die skool.

Terugkyk laat ons ook beseft dat ons gebroke sondige mense is. Kinders stry daaglik teen die sonde, hulle is soms ongehoorsaam, hulle daag die grense uit, hulle baklei met mekaar, hulle vertel leuens, doen nie huiswerk nie en kry woedeuitbarstings. Ook onderwysers en ouers moet stry teen hul swakhede. Soms oorweldig die gebrokenheid ons, maar dan word ons aan die volgende in Hebreërs 4:15 en 16 herinner "Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word."

Terugkyk is goed vir ons, dit laat ons die Here se genade in ons skool, ons stad en ook in ons land sien. Dit vul ons met 'n diepe dankbaarheid vir al sy goedheid en getrouheid, laat ons Hom dan ook daarvoor dank.

Terugkyk gee hoop vir die nuwe kwartaal wat voorlê! Maar eers wag daar 'n heerlike wintervakansie. Hiermee dan 'n geseënde rustyd toegewens.

Mag die Here ons almal bewaar en weer veilig op 9 Julie by die skool terugbring.

Vriendelike groete

Saskia Meijer



## Beplanner

- **13 Junie:** Gr. 1 – 3 Oueraand
- **13 Junie:** Gr. 4 -7 Uitstappie
- **14 Junie:** Skool sluit 11:00
- **27 Junie:** Juf. Mariaan Hordijk verjaar
- **1 Julie:** Juf. Lizarie Smit verjaar
- **9 Julie:** Skole heropen
- **9 Julie:** Eerste hokkie-oefening
- **11 Julie:** H/S rapporte
- **12 Julie:** Verkope: Netbal
- **18 Julie:** H/S Oueraand



## Dirkiedinge

Die laerskool se koerantredaksie onder leiding van 'n paar knap onderwysers het 'n pragtige koerant uitgegee. Hier is interessante beriggewing oor die afgelope twee kwartale se aktiwiteite by GSDP. Die koerant dek ook nuus oor twee juffrouens wat binnekort gaan trou, redenaars, Huppelkind, skaak, atletiek, netbal, rugby, sokker en nog vele meer. 'n Paar kinders het hul hand gewaag aan oulike stories en daar is allerlei aktiwiteitsbladsye, net betyds vir die wintervakansie. Om die kroon te span is daar ook 'n kompetisie of twee. **Onthou dus om jou uitgawe sommer vinnig teen R10 by die redaksie te koop.**



## Sport

### Laerskool Rugby

Ons Bulletjierugby-seuns (O/6 - O/8) het hierdie seisoen saam met Eduplex gespeel. Dit was 'n lekker vol seisoen met hope drieën en *rips*. Hulle speel Saterdag 8 Junie hulle finale wedstryde by Eduplex se Bulletjiedag.

Die bulletjies wat gespeel het, is:

- **O/6:** Daniël Jacobs, Morne Oelofse, Jean van der Kooy, Christo Marais, Jeandré Landsberg, Louis le Roux
- **O/7:** Joshua Jacobs, Jakobus le Roux, Gary van Dyk, Mats Meijer, Hanru Muller, Ruan Botha, Charl Oberholzer, Anrich le Roux
- **O/8:** Willem le Roux, Jeandré Jansen, Arjan Vorster, Willem Etsebeth

Die volgende seuns; Pieter le Roux, Marko Jansen, Daniël Eksteen, Nick Snyman en Aiden de Beer vorm deel van Laerskool Totiusdal se O/10 rugbyspan. Hulle het hul liga gewen en deurgedring na die semi-finaal vir die Stadsbeker. Op 30 Mei het hulle 42-12 teen Die Krans gewen. Komende Dinsdag 11 Junie speel hulle in die Stadsbeker finaal teen Tuinrand. Ons is baie trots op hulle, en wens hulle alle voorspoed toe vir die laaste wedstryd.

### Hokkie

Die amptelike hokkieseisoen by ons skool begin in die derde kwartaal. Ons hou egter 'n opedag op Donderdag 13 Junie sodat almal kan kom kyk wat die hokkie behels.

### Hoërskool Netbal

Die 2024 seisoen is verby!

Die O/15 en O/19A spanne behaal beide 'n derde plek in die liga! Baie geluk en dankie aan elke dogter wat van die seisoen 'n sukses gemaak het.

# Kleuterskool



## ROBOTIKA & KODERING IN DIE KLEUTERSKOOL (Deel 4)

In deel drie is daar gefokus op praktiese kodering-idees, deel vier plaas die klem op robotika.

Kinders hou van robotte, die meganika en konsepte van elektronika fassineer hulle. Om kleuters te help om die konsep van 'n robot te verken, kan deur verskillende metodes gedoen word. Begin bv. deur prente van robotte en dinge wat nie robotte is nie, te gee. Hulle kan dit dan sorteer. Laat hulle 'n robot (karretjie wat self kan ry) uitmekaar haal! Kinders hou daarvan om items uitmekaar te haal om te sien hoe dit werk. So ontdek hulle elektronika, ratte en meganika. Laat hulle soms toe om die karretjie (klein robot) uitmekaar te haal om te sien hoe dit alles weer bymekaar gevoeg kan word.

Met klei kan hulle hul eie robotte ontwerp en bou. Sny uit gekleurde karton verskillende vorms en laat die kleuter sy eie robot met die vorms skep. Kartonbokse is somer baie handig. Laat die kleuter sy eie robot daaruit bou en versier. Hulle geniet die hele proses somer baie. As die kleuter 'n basiese idee het van wat kodering is en wat 'n robot is, kan die twee saamgevoeg word. Skep bv. 'n roostertabel, knip pyle uit en laat die kleuter hom- of haarself d.m.v. die pyle navigeer. Wees ook kreatief en dink 'n "koderingstorie" uit, bv. Bennie By moet 'n bepaalde pad volg om by die blomme uit te kom.

Daar kan ook gebruik gemaak word van gekleurde blokke. Elke blok simboliseer 'n aksie bv. rooi is hande klap, blou is spring, geel is een been staan ens. Al hierdie aktiwiteite help om probleemoplossende denkvaardighede, asook strategiese denke te ontwikkel. Hulle leer ook om 'n groot probleem in kleiner dele te verdeel, om patrone te skep en te verstaan en volgorde te bepaal. Verder leer hulle ook dat simbole aksies of dinge verteenwoordig. Simbole, soos letters van die alfabet verteenwoordig klank en betekenis, simbole soos pyle, teks en nommers verteenwoordig rigting.

Kodering en robotika is dus beslis belangrik vir die kleuter. Integreer die aktiwiteite met alledaagse gebeure by die huis en in die klaskamer en verryk so die kleuter se vaardighede.

# Laenskool



## Oueraande:

- Kleuterskool: **13 Junie**
- Grondslagfase: **13 Junie**
- Senior fase: **11 Julie**



## Laaste-dag-reëlings

Saalafsluiting vind om 08:50 plaas. Leerlinge ontvang rapporte, waarna die skool om 11:00 sluit.

# Hoërskool

## Laaste-dag-reëlings

Saalafsluiting vind om 07:40 plaas, daarna word vraestelle vanaf ongeveer 09:00 geskryf.

Leerlinge mag verdaag sodra die hele graadgroep klaar eksamen geskryf het.

## Rapporte

Leerlinge ontvang Vrydag 12 Julie rapporte

## Oueraand

Oueraand vind plaas op 18 Julie



# Advertensies

**WISKUNDE WEN JOU WETENSKAP & WISKUNDE**

GR 12

Gerig op die endeksamen



Hulpbronne Gr 10 tot 12

**Wiskunde En Wetenskap**

Eike afdeling is kernagtig en hanteerbaar opgesom. Maklik om te leer, te onthou en weer te gee.  
Bevat voorbeeldsomme met stap vir stap verduidelikings.

Pakket sluit in:

	R220	R275
• Opsommings	vir Wiskunde Pakket	vir Wetenskap Pakket
• Flitskaarte		
• Vraestelle	R120	
• Memo's	vir Aflerwingskoste	

<https://wenwetenskap.co.za>  
Helena - 0845103373  
hverwey@absamail.co.za

**Any Computer, internet,  
WiFi help and upgrades.**

**PR COMPUTERS**

Call us today

**0826915793**



**Ons praat jou taal!**

# Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



**GSDP-  
SKOOLFONDS**

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

**GSDP-  
BOUFONDS**

## ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



### BLITS

**Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.**

**Dankie vir u ondersteuning!**

### MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, by Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope. Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

**Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.**



**MySchool MyVillage MyPlanet**

### PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

### GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houers te Cunninghamaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.  
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2024 te wees.**

